



Stellenbosch

UNIVERSITY
IYUNIVESITHI
UNIVERSITEIT

forward together
sonke siya phambili
saam vorentoe

Inhoudiging van die 15de Kanselier van die Universiteit Stellenbosch

Kruiskerk, Stellenbosch, 18 Mei 2022, 17:00

Inhoudigingsrede deur die Kanselier, oudregter Edwin Cameron

1. Hallo, almal. Wat 'n vername dog gelade geleentheid is dit nie. Dankie aan die Rektor en Visekanselier, professor Wim de Villiers, vir sy gave woorde, en die Registrateur, dr Ronel Retief en haar span vir die reël van hierdie geleentheid. Dankie aan die koor en die musikante, en dankie aan die imbongi [prysanger] vir sy wonderlike boodskap.
2. Ek wil 'n paar mense uitsonder wat ek in die besonder wil verwelkom – dr Jan Heunis, President van die Konvokasie, 'n mede-regsgeleerde, asook die Burgemeester van Stellenbosch [adv Gesie van Deventer] en die LP vir Stellenbosch, dr [Leon] Schreiber. Dr Heunis, u teenwoordigheid hier verbloem nie ons verskille nie, maar dui op u toewyding aan die Instelling en wat dit verteenwoordig vir die Afrikaanse taal en vir ons land se toekoms.
3. Dankie ook aan die Raad van die Universiteit, die Rektor en sy uitvoerende span sowel as die kieskollege, waarna die rektor verwys het, vir hul geloof en vertroue in my om hierdie rol te vervul.
4. Dit is nie 'n rol wat ek ooit gedink het ek sou aanvaar nie. En tog het ek. Waarom?
5. Hoofsaaklik om selfsugtige redes. Ek moet bieg, die afgelope twee en 'n half jaar het my uitsonderlike vreugde besorg:
6. Ten eerste, deur met Stellenbossers te kan saam verkeer, hulle te ontmoet, te leer ken. Die mense op kampus – swart, wit, gay, heteroseksueel, van die stad en die platteland, van oor die hele Suid-Afrika en die ganse vasteland; Stellenbosse studente met dryfkrag, uithouvermoë en doelgerigtheid, wat my goeie moed gee vir ons gekwelde land.
7. Ook die vreugde daarvan om verbonde te wees aan 'n universiteit wat so duidelik opgang maak – opgang in intellektuele uitset, opgang in onderrigvaardighede, opgang in navorsing en vakkundige publikasies, opgang in internasionale statuur, en (hoewel dit die minste tel) selfs opgang in die internasionale ranglyste.
8. En veral die vreugde daarvan om die afgelope twee en 'n half jaar gradeplegtighede te kon lei. Waar daar toenemend uitbundigheid is. Ons gradeplegtighede toe ek hier graad gekry het was vrome geleenthede, deur mans voorgesit, maar nou stap mense in die loopgange uit en hulle laat blyk hul vreugde oor die jongmense wat voor die kateder verbystap baie duidelik.
9. Toe ek in Januarie 2020 die amp aanvaar het, was Covid-19 reeds op loop deur die wêreld – en drie maande later het dit nasies en samelewings in 'n wurggreep gehad. Ons het so min geweet. Sou hierdie verskriklike virus ons in 'n Armageddon dompel?

10. Dit het nie. Maar ons land het 300 000 mense aan Covid verloor [gemeet aan 'oortollige sterftes']. Mense het hul werk verloor, hul ondernemings en hul rol as broodwinners. Dis swaar laste om te dra.
11. So, ons blote teenwoordigheid hier vanmiddag is iets om te vier – met diepe respek en ontstap en selfs vreugde.
12. 'n Tweede rede waarom ek hierdie amp aanvaar het, is die Universiteit Stellenbosch self. Ek het self hier studeer; ek het byna vyf jaar op kampus deurgebring; ek is 'n trotse alumnus. En ek dink waarvoor die Universiteit Stellenbosch staan en wat hy graag wil word, is belangrik – belangrik vir Suid-Afrika, vir ons vasteland en vir die wêreld.
13. Ek is onlangs gevra om as spreker op te tree by die eerste vergadering van die Suid-Afrikaanse Universiteitskanseliersforum by die Universiteit van Pretoria, waar 'n aantal visekanseliers en kanseliers teenwoordig was.
14. Daar het ek die vraag gevra: Waarom gee ons om oor universiteite? Oor intellektuele strewes. Oor institusionele uitnemendheid, instellings wat goed bestuur word en toekomsgerig en koesterend is?
15. En my antwoord was, ter wille van ons eie waardigheid. Vir ons gevoel van eiewaarde as Suid-Afrikaners.
16. Ons het ons demokrasie met soveel hoop en sulke hoë aspirasies betree. Agt-en-twintig jaar later is ons nerfaf, moedeloos en vuisvoos. Weens gebrekkige dienslewering, die ineenstorting van openbare instellings, die plundery, korrupsie, onbekwaamheid, en die flagrante kriminaliteit van groot dele van ons regering.
17. Soveel hiervan (hoewel nie alles nie) spruit uit die Zuma-era – president Jacob Zuma se nege jaar waartydens misdadigers in die heel hoogste ampte van ons land saamgesweer het om ons land van ons te steel, om ons jongmense van 'n toekoms te beroof, en om hulleself ten koste van ons hoop en drome te verryk.
18. Hiervoor moes die kriminele meesterbreine van staatskaping ons nasionale misdaadintelligensie ontwig, aftakel en vernietig. Wat hulle suksesvol gedoen het, tot ons verskriklike koste. Vyftien kilometer hiervandaan, in Khayelitsha, lei die vernietiging van misdaadintelligensie en polisieleierskap en polisiekapasiteit tot een van die hoogste moordsyfers – in Nyanga en Khayelitsha, een van die hoogste moordsyfers – ter wêreld. As gevolg van die kriminele leierskap wat probeer het om ons staat weg te neem. So ook die polisie en die nasionale vervolgingsgesag.
19. Hulle moes die Parlement en die regerende party laat wankel. En hulle het dit baie amper reggekry. Trouens, ons is steeds in 'n enorme stryd gewikkel – 'n stryd waarvan Stellenbosch deel is – om ons land van plunderaars, korrupsie en sistemiese en institusionele verval te red.
20. Die goeie nuus is dat hulle nie geslaag het nie. Drie hoofredes:
21. Eerstens, ons vreeslose en onafhanklike media en burgerlike samelewing. Sonder ons kritiese en ondersoekende media en lewendige burgerlike samelewing wat onthullings oor die Guptas gemaak het, wat standpunt ingeneem het teen korrupsie, sou ons verlore gewees het.
22. Tweedens, die voormalige Openbare Beskermer. Ek sien professor Thuli Madonsela van ons Fakulteit Regsgeleerdheid is vanmiddag hier. Ek vra dat sy asseblief opstaan. Jammer om u in die verleentheid te stel. Hoe verstommend ... 'n "veilige paar hande" aangestel deur die Parlement, 'n vrou, 'n swart vrou ... sjoe, ... hoe het u diegene wat u geringeskat het nie verras nie! Met 'n hele reeks buitengewoon dapper,

welsprekende en snydend praktiese verslae. Soos die staatskapingsverslag van 2014, waarsonder ons land dalk heeltemal verlore sou gewees het.

23. Ek weet dat toe professor Thuli aan die einde van haar termyn van sewe jaar moes uittree, het sy aanbiedinge van die hele wêreld gehad – Harvard, Stanford, die Oxbridge-universiteite, miskien selfs Frankryk en Duitsland en China. Maar wie het gewen? Stellenbosch! Sy het na ons toe gekom.
24. Derdens, die regbank. Hier maak ek geen persoonlike aansprake nie, want ek het net 'n klein rol gespeel as een van 11 lede van die Konstitusionele Hof. Ek bring hulde aan die onverskrokke regters wat dikwels gelei is, in die Gautengse provinsiale afdeling, deur regter-president Dunstan Mlambo. Ek bring hulde aan hoofregter Mogoeng Mogoeng, wat in sy uitspraak van 31 Maart 2016 oor die staatskapingsverslag as't ware 'n preek afgesteek het – gemik op die nasie, op die Parlement en op president Zuma – oor die elementêre etiek van morele verantwoordelikheid en eerlike diens¹.
25. Ek bring hulde aan ons baie regters, al 240 van hulle landwyd, wat getrou gebly het aan die visie wat ons voorgehou het aan ons jongmense, insluitend die tienduisende studente op hierdie kampus; die toekoms wat ons hulle beloop het.
26. Al hierdie werk het die weg berei vir hoofregter Zondo se kommissie van ondersoek na staatskaping. Dit is ons hoop dat aanspreeklikheid spoedig die vorm sal aanneem van opvolgwerk deur die Nasionale Vervolgingsgesag.
27. En waarom is dit alles belangrik?
28. Want ons het selfrespek. Want ons dring aan op aanspreeklikheid. Want as 'n land en 'n nasie het ons waardigheid aan die kern van ons demokratiese projek geplaas, aan die kern van ons Handves van Regte. As 'n sentrale, grondliggende waarde: nie net waardigheid as individue of waardigheid as 'n groep nie, maar ons waardigheid as 'n nasie.
29. Ons waardigheid vereis dat ons bevoegde instellings sal hê, hardwerkende staatsamptenare, funksionerende plaaslike owerhede, Mevrou die Burgemeester, en toegewyde staatsamptenare. Ons waardigheid en gevoel van eiewaarde oortuig ons dat ons dit alles verdien.
30. En dit is waarom ons ook behoorlik funksionerende en waarlik uitnemende tersiêre instellings verdien wat ons toekomstige geslag leiers en baanbrekers kan help vorm: soos hierdie universiteit.
31. As 'n land, verdien ons voortreflike onderrig, toegewyde leer, en navorsing wat die wêreld 'n beter plek maak. En konseptuele deurbrake in kennis en kennisstelsels sowel as in menslike en kunsmatige intelligensie.
32. Ons verdien 'n Universiteit – in aansluiting by die Rektor se tema – vry van die minagting, haat en vernedering wat te sien was in die afgryslieke voorval Sondag in Huis Marais, toe 'n wit student, Theuns du Toit, op 'n swart student, Babalo Ndwayana, se studiemateriaal geürineer het.
33. Dit is alles dinge waarteen ons nasionale gevoel van waardigheid en eiewaarde ons in staat stel om kapsie te maak, om aanspraak te maak op iets beter.
34. Ek voel geëerd om geassosieer te word met die doelgerigtheid wat die SR vanmiddag in 'n kritiese ontmoeting tussen hulle en die Rektor en my uitgespreek het. Ek wil julle vertel van 'n pynlike oomblik in daardie vergadering, toe die SR met

¹ Raadpleeg *Economic Freedom Fighters v Speaker of the National Assembly; Democratic Alliance v Speaker of the National Assembly* 2016 (3) SA 580 (KH).

spyt gesê het hulle sal nie vanmiddag hier wees nie. Hulle het gesê ons kan nie feesvier terwyl daar soveel pyn op ons kampus is nie.

35. En ek het hul besluit as 'n diep beginselsaak gerespekteer. Hulle het 'n standpunt ingeneem wat vir hulle moeilik was, maar wat hul toewyding – soos ons vanmiddag op 'n ander manier doen – teenoor die jongmense op hierdie kampus toon. Ons verbintenis tot iets beters, ons verbintenis om te erken wat ons verkeerd gedoen het, wat ons onvoldoende gedoen het, en ons vasberadenheid om beter te doen.
36. Al hierdie dinge is wat ons sin vir waardigheid as mense en as 'n nasie vereis.
37. In 'n onlangse BBC-program was daar 'n tipies 'skerpsinnige' skermutseling tussen mnr Roy Jenkins, 'n voormalige toonaangewende sosialis in Brittanje en 'n oudkanselier van Oxford, en sy opvolger, lord Chris Patten, 'n voormalige Konserwatiewe kabinetsminister wat as die laaste Britse goewerneur van Hong Kong was en Brittanje se onttrekking onderhandel het, 'n ooreenkoms wat deur China vertrap is.
38. 'n Universiteitskanselier, het Roy Jenkins opgemerk, is die toonbeeld van kragteloosheid wat gesus word met glans en glorie ("impotence assuaged by magnificence"). Soos baie van die Engelse heersende elite se sêgoed, is dit gevat – maar dit is onwaar.
39. Eerstens is daar bitter weinig glans en glorie aan die kanseliersamp (tensy die koddige hoed wat ek dra as glansryk beskou kan word).
40. Tweedens is die amp allesbehalwe kragteloos. Een van my mede-kanseliers, dr Precious Moloi-Motsepe van die Universiteit van Kaapstad, het die kanseliersforum begin om te vra wat ons prakties kan doen, iets wat nie gaan repliseer of inbreuk maak op die domein van die uitvoerende gesag nie. En ons vind maniere om betekenisvolle bydraes te maak, elkeen in ons eie sfeer, deur ons rol as kanseliers.
41. Om kanselier te wees is alles behalwe kragteloos. Dit is vir my voorwaar opwindend om betrokke te raak by vele aspekte van die Universiteit se onderrig, navorsing en kennisverruimingswerk, en om van sy akademiese en studenteleiers te leer ken.
42. Boonop is die Kanselier allesbehalwe kragteloos in die ontsluiting van vennootskappe met privaat instellings en bedryfs- en kommersiële korporasies en stigtings, wat absoluut onmisbaar is vir tersiêre instellings om te floreer.
43. So, hoewel nie glansryk nie, en ook nie kragteloos nie, bring die amp baie vreugde.
44. Dit het 'n oorvloed energie wat daarmee gepaardgaan en daardeur vloei. Dit is my enorme voorreg om daardie energie te kan ontvang en vir die res van my termyn toegewyd daartoe by te dra.
45. Dankie.